



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 155: 1 Junie 2018

HANDHAAF EN BOU-TOEKENNING

Met die 50-jarige feesviering van 2016 is daar besluit om op tasbare wyse erkenning te verleen aan oud-leerders wat ná skool besonder presteer het, of wat binne hul beroepsveld uitgestyg het. Hierdie erkenning word gedoen in die vorm van die Handhaaf en Bou-toekenning. Hierdie toekenning is die hoogste eerbewys wat die Hoërskool Framesby aan 'n oud-leerder of oud-onderwyser kan verleen.

Tot dusver is toekennings aan verskeie sportmanne en -vroue gemaak wat almal Suid-Afrika verteenwoordig het. Hulle is Johnny Koen, Sandra Pienaar, Heidi Seyerling, Maryke Doubell en Elandré van der Berg. Die toekenning is ook gemaak aan Amanda Strydom en Juanita Lamprecht Van Dyk vir hul besondere bydrae tot die uitvoerende kunste.

Daar bestaan egter geen twyfel nie dat verskeie oud-leerders onbetwiste leiers in hul onderskeie velde is, of ongelooflike prestasies gelewer het waarvan ons nie noodwendig bewus is nie. Ons rig dus 'n dringende versoek aan al ons oud-leerders en oud-ouers om potensiële ontvangers van hierdie toekenning te nomineer. Ten einde te verseker dat die statuur van die toekenning nie in gedrang kom nie, moet elke nominasie vergesel word van 'n sterk motivering asook 'n ondersteunende CV van die betrokke persoon. Hierdie nominasies sal dan aan 'n toekenningskomitee voorgelê word wat sal besluit aan watter persoon of persone die toekenning vanjaar gemaak sal word. Aangesien ons 50 jaar gewag het om hierdie toekennings te begin maak, mag daar uiteraard tans heelwat gepaste kandidate wees aan wie die toekenning gemaak kan word. Die uiteindelijke doel is om so gou as moontlik "op datum" te kom sodat veral resente prestasies erken kan word.

Die kriteria vir die toekenning van die Handhaaf en Bou-toekenning is:

- Die ontvanger moes aan die Hoërskool Framesby gematrikuleer het of op die onderwyspersoneel gedien het.
- Die ontvanger moet binne sy of haar spesialiteitsgebied 'n toonbeeld van uitnemendheid wees en op die hoogste vlak presteer of presteer het
- Die ontvanger moet algemeen erken word as 'n toonaangewende leier binne sy of haar spesialiteitsveld
- Die ontvanger moet onomwonde kan dien as 'n rolmodel vir die huidige geslag Framesby-leerders

Nominasies moet so spoedig moontlik gerig word aan me. Martlie Jordaan by mjordaan@framesby.co.za. Alle nominasies moet me. Jordaan voor of op 31 Julie bereik. Geen nominasies sal daarna aanvaar word nie. Die besluit oor die toekenning(s) berus volkome by die toekenningskomitee. Die name van die ontvanger(s) vir 2018 sal in September bekend gemaak word. Tot dusver is die toekennings gedoen by die Sport en Kultuur-toekenningsaand. Hierdie geleentheid vind gewoonlik in die eerste week van die vierde kwartaal plaas.

Graad 12 – 2017

Hermerkpunte

Dit wil voorkom dat die Departement nie die korrekte uitslag van die hermerk-aansoeke na die skole gestuur het nie. Sodra daar duidelikheid hieroor is, sal ons almal onverwyld verwittig.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Nathan Hammond, 8D
Izak van der Merwe, 10E

Sondag

Mieke Stroebel, 12G
Shamonique Williams, 11C

Maandag

Jan Pauw, 11F
Adriaan van Tonder, 11E

Dinsdag

Jarred Hall, 11F
Nicolaas Meyer, 11D
Dylan Opperman, 10E
Ceejay Scholtz, 10C

Woensdag

Ethan Dorfling, 9D

Donderdag

Inge Dafel, 11B
Lee-Roy Labuschagne, 12F
Jaco Marx, 10G

Vrydag

Nicole Alberts, 8F
Melissa Els, 11A
Rohan van der Merwe, 8G
Anja Webber, 11B

FRAMESBY IS TROTS OP ...

FRAMESBY BOER LEKKER OP DIE PLAAS!

Soos verlede week gemeld, is ons jaarlikse rugbybepaling een van die oudste aaneenlopende bepalings waarby Framesby betrokke is. Die enigste ander aaneenlopende ou bepalings is dié teen Daniel Pienaar en Otto du Plessis.

Geen wedstryd teen Marlow is ooit maklik nie, en vanjaar was geen uitsondering nie. Marlow se spanne hou nie terug nie en speel met ontsettend baie trots, en ons manne het harde bene gekou in omtrent al die wedstryde. Omdat ons al reeds jare lank goeie vriende is, word die wedstryde altyd in 'n besonder goeie gees gespeel. Die realiteit bly egter dat elke wedstryd op die plaas BAIE moeilik is!

Ons spanne het regtig baie goed gevaar. Uit die 10 wedstryde het ons 6 gewen. Ons O/14's het vroegoggend die bal aan die rol gesit met die A-span wat met 60-0 geseëvier het, en die B-span wat 'n oorwinning van 34-12 behaal het. Ons O/15-spanne het ongelukkig bietjie vasgeval. Die A-span was met 21-36 aan die verloorkant en die B-span met 0-10. Ons C-span moes ongelukkig teen 'n gekombineerde B en C-span speel en het met 7-45 verloor. Die O/16's het goed gedoen deur beide hul wedstryde te wen. Albei wedstryde was kliphard en ons manne moet gelukkig word met hul vasberadenheid en konstruktiewe spel. Die B-span het 10-5 gewen en die A-span welverdiend met 15-10.

By die seniors het die 3de span ongelukkig nie die pyp gerook nie. Hulle het hul wedstryd met 7-26 verloor. 'n Paar spelers was egter nie beskikbaar nie en alles dui daarop dat die span hierdie naweek 'n veel beter vertoning gaan lewer teen Brandwag. Die tweedespan het egter dubbel en dwars vergoed deur 'n agterstand af te skud en met baie ondernemende spel in die tweede helfte gaandeweg die oorhand te kry. Hul oorwinning van 26-18 was welverdiend! Baie geluk. Ons eerstespan speel tans baie goeie rugby en die verwagting was seker dat hulle die wedstryd behoort te wen. Marlow is vanjaar egter self op hul stukke, en die wedstryd het gaandeweg in 'n besondere skouspel ontwikkel wat werklik 'n advertensie vir skolerugby was. Framesby was heeltyd in beheer, maar kon net nie afrond nie, en moes rustyd tevrede wees met 'n agterstand. In die tweede helfte is die skroewe egter aangedraai en het ons span vorendag gekom met een van sy mees kliniese vertonings in jare. Die telling kon beslis hoër gewees het, maar ons is beslis baie gelukkig met die uitstekende oorwinning van 27-16. Baie geluk aan al ons spanne en baie sterkte met die bepaling môre teen Brandwag.

PROGRAM VIR DIE BRANDWAG-BEPALING

Die eerste helfte van die wintersportprogram word more afgesluit met die bepaling teen Brandwag. Al die wedstryde behalwe die hokkie vind op ons velde plaas. Die Hokkie word op die Westering-Astro gespeel. Kom ons ondersteun al ons spanne in groot getalle en wys die Uitenhagers wie is Framesby!

RUGBY				NETBAL					HOKKIE	
Tyd	A-veld	Tyd	B-veld	Tyd	Baan 1	Baan 2	Baan 3	Baan 4	Tyd	Astro
08:30	O/14A	08:30	3de	09:00	O/18B	O/14B	O/14C		07:50	O/16C
09:30	O/15A	09:45	O/16B	09:40	O/16C	O/14A	O/16B	O/14D	08:40	O/16B
10:30	2de	10:45	O/14B	10:15	O/16A	O/16D	O/18C		09:30	3de
11:45	O/16A	11:45	O/15b	11:00	1ste				10:20	2de
13:00	Future Kings								11:10	O/16A
13:45	Dansers								12:00	1ste
14:00	1ste									

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 2 Junie	Sondag 3 Junie	Maandag 4 Junie	Dinsdag 5 Junie	Woensdag 6 Junie	Donderdag 7 Junie	Vrydag 8 Junie
Sport: Brandwag(T) Rugby, Netbal, Hokkie		EKSAMEN BL Personeelkomitee (17:30)	EKSAMEN Debatklub	EKSAMEN	EKSAMEN BL Finansies- komitee (17:30)	EKSAMEN
Landlooptliga						

NOG UITSTEKENDE PRESTASIES!

CARLI EN MONIQUE GEKIES VIR DIE OP

Twee van ons tennisspeelsters, Carli van Onselen en Monique van Rooyen, is onlangs ingesluit in die OP Junior-tennisspanne wat tydens die vakansie deelneem aan 'n Interprovinsiale toernooi wat deur SWD aangebied word. Die SWD, OP en Noord-Kaap sal aan die toernooi deelneem. Die volgende ouderdomsgroepe sal almal in aksie wees: O/10, O/12, O/14, O/16 en O/19.

Beide Carli en Monique blink nie alleen in tennis uit nie, maar is groot staatmakers in ons skool en neem aan 'n groot verskeidenheid aktiwiteite deel. Monique is 'n uitblinker op die atletiekbaan en verteenwoordig die Oos-Kaap in netbal. Carli dien op die Monitor-bestuur en neem ook deel aan verskeie kultuuraktiwiteite. Sy het deurgedring na die volgende rondte van die ATKV-redenaars wat op George sal plaasvind.

Baie geluk julle twee. Ons vertrou dat dit baie goed met julle en jul spanne sal gaan tydens die toernooi. Framesby is baie trots op julle!

HOKKIESPANNE BELEEF 'N GOEIE WEEK!

Alhoewel ons in Framesby nie wen teen alle koste najaag nie, speel ons altyd om te wen. Terselfertyd verkies ons om soveel as moontlik teen die beste teenstand moontlik mee te ding, en roem ons ons daarin dat daar nie iets bestaan soos 'n Framesby-span wat sommer net opgee nie. Tog beteken dit noodwendig dat ons soms gaan verloor, en dan partykeer sommer sleg. Dit ontmoedig ons egter nooit nie, want as jy speel om te wen, en jou beste gee, en jy verloor, het jy beslis geleer en sal jy volgende keer uit daardie ondervinding kan put en beter vertoon.

Ons hokkiespanne is 'n sprekende voorbeeld van hierdie Framesby-gees. Framesby beskik nie oor sy eie Astro-baan nie, terwyl die meeste van ons gereelde teenstanders wel oor die fasiliteit beskik. Die spelers sit ure en ure se oefening in, en in die meeste gevalle het ons teenstanders net daardie bietjie van 'n "edge" op ons. Tog bly ons hokkiespelers altyd ongelooflik positief en werk hulle net harder. En dan gebeur dit darem ook dat die harde werk beloon word met goeie oorwinnings. Verlede week was een van daardie GOEIE weke! In ons wedstryde teen Victoria Girls het ons O/16B-span, die 2des beide gewen, terwyl die 1ste span 'n pragtige oorwinning van 2-0 behaal het. In die afgelope week het ons teen Westering gespeel. Alhoewel die O/16C- en O/16B-spanne verloor het, het die O/16A's 'n pragtige oorwinning van 2-1 behaal. Die tweedes het 1-1 gelykop gespeel en die eerstes was uitstekend met 'n welverdiende oorwinning van 1-0. Baie geluk, meisies!

Hierdie naweek speel ons dogters teen Volksskool en Brandwag. Die wedstryde teen Volksskool vind vanmiddag op die Westering-Astro plaas, terwyl die wedstryde môre teen Brandwag ook almal by Westering gespeel word. Kom ons ruk in groot getalle op en ondersteun die meisies. **Vanmiddag: 14:30 2de, 15:30 O/16A, 16:30 1stes.**

EKSAMENROOSTER VIR HIERDIE WEEK

Daar is nog twee weke oor voordat die eksamen klaarmaak en vir baie leerders is dit die moeilikste tyd van enige eksamen. Baie sterkte aan almal. Byt vas en vertrou in jou vermoëns! En moet nooit twyfel aan jou Bron van Krag nie. Pak elke vraestel eers op jou knieë aan en doen jou bes. Sterkte!

	Graad 8	Graad 9	Graad 10		Graad 11		Graad 12	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag	Oggend	Middag
Maandag 4 Junie	ENG P4	SW (Geo)	WISK V2	BS V2	FW V2		FW V1 TOER	
Dinsdag 5 Junie	AFR V2	TEG	LW	IGO	IT V1		CAT V2	
Woensdag 6 Junie	LO	AFR V2	REK		AFR V2		GEO V1 IT V1	GEO V2
Donderdag 7 Junie	SW (Geo)		ENG P1	VS	WISK V1 WG V1	LO	ENG P1	BS
Vrydag 8 Junie	EBW	AFR V4	FW V1		AFR V1		FW V2	

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

DIE LAASTE WOORD

Lees gerus die stukkie hieronder wat op 16 April 1994, 'kort voor die eerste demokratiese verkiesing, in Die Burger verskyn het. Dit is opgeneem in die rubriek "Geestelike Waardes" en is deur prof. Willie Jonker geskryf. Soveel waarmee Suid-Afrikaners toe geworstel het, is vandag steeds daardie dinge waarmee ons worstel! Tog is daar soveel waarheid dit wat prof. Jonker skryf.

Die huidige situasie in die land wek ongetwyfeld by talle mense 'n gevoel van onsekerheid en vrees. Dit is begryplik. Die toekoms is nie alleen onbekend nie, maar in die lig van die geweld, wetteloosheid, weersinwekkende wyses van optrede en die klaarblyklike gebrek aan die soort deugde wat vir 'n demokrasie nodig is om te kan slaag, is dit net begryplik dat talle mense ongelukkig en selfs bitter voel.

Weer eens: dit is begryplik. Tog is dit nie goed genoeg vir Christene om hulself daarop blind te staar nie. Want as 'n mens toelaat dat jou hart vervul word met teleurstelling, afkeer en veral wanhoop, sal jy in hierdie situasie geen deel van die oplossing van die land se probleme vorm nie, maar deur jou negatiewiteit net die gewig daarvan verswaar.

Dit kan in sulke omstandighede goed wees om te onthou dat die slegte dinge wat daagliks gebeur, wel verskriklik is, maar dat dit tog nie die enigste is wat van die situasie in hierdie land gesê kan word nie. Daar is tog nog steeds die groot meerderheid van mense wat 'n sin vir waardes het, wat werklik vrede begeer, wat voortgaan met hulle verantwoordelikhede, wat reg en geregtigheid wil sien seëvier, en wat goed genoeg opgevoed is om te help keer dat alles in chaos verval.

Maar daar is meer. Daar is in hierdie land ook 'n onbekende aantal Christene vir wie hulle geloof in God meer as 'n formaliteit is en wat daagliks met God oor die situasie onderhandel. Hulle bring nag en dag voor Hom die situasie in herinnering. Hulle is genoegsaam bewus van die ingewikkeldheid van die situasie om te besef dat hulle nie aan God kan voorskryf hoe Hy die geskiedenis moet lei en wat presies moet gebeur nie.

Hulle weet dat God wat oor die geskiedenis regeer, ook sy oordeel en gerig oor die geskiedenis laat heengaan. Die geskiedenis van die wêreld is in 'n bepaalde sin die geskiedenis van die gerig van God oor die sonde. Op duisende maniere bloei die wêreld uit die wonde wat die mense in hul sondigheid hulself in hul ontrou teenoor God en mekaar toedien. God laat verskriklike dinge toe waarvan 'n mens die sin nooit kan peil nie. 'n Mens moet maar die profete van die Ou Testament lees om te sien hoe ook hulle daarmee geworstel het.

BESIGE DERDE KWARTAAL LÊ VOOR!

Die Junie-eksamen maak oor twee weke klaar, en 'n lekker vakansie lê voor. Dis egter net 'n kwessie van tyd voor die jaar weer op 'n gallop gaan!

Die matrieks se Voorbereidende Eksamen begin reeds in die week ná Interskole. Dit beteken dat daar vir hulle net 5 weke onderrigtyd in hierdie jaar oorbly!

Intussen lê daar ook 'n baie besige sport-program voor. Die eerste naweek meet ons kragte met Grey en Collegiate, waarna ons almal na George reis vir die Outeniqua-bepaling. Die derde naweek besoek Oakdale Landbouskool ons vir die rugbybepaling terwyl ons dogters na Graaff-Reinet reis vir 'n hokkiebepaling teen Volksskool en Union High.

Die volgende week is dit Vrouedag op 9 Augustus met 'n skoolvakansiedag op 10 Augustus. Die bepaling teen Otto du Plessis word daarom reeds op Woensdag 8 Augustus afgehandel. Ná die langnaweek berei ons voor vir die Interskole teen Nico Malan. Dis ook nie net sport nie. Daar is ook "Flashes" en 'n "Groot Brag" waarvoor tyd ook ingeruim moet word. Die groot dag vind vanjaar op 18 Augustus op ons velde plaas en groot planne word nou reeds gemaak om daardie dag 'n klomp stalletjies hier te hê en 'n verskeidenheid aktiwiteite aan te bied. Iets om na uit te sien!

Maar terselfdertyd weet Christene ook dat God die geroep, die smeking, die pleitstem van sy kinders nie verag nie. Hy is die almagtige. Hy kan uit die kwaad die goeie gebore laat word, uit die duisternis die lig voortbring, deur alle sonde en onreg heen sy reg laat triomfeer. En Hy het die laaste woord. Daarom moet 'n mens jou hart in jouself tot vrede bring. Die geskiedenis is meer as die gerig van God. Dit is ook die geskiedenis van sy genade en lankmoedigheid. 'n Oomblik is daar in sy toom, 'n lewe in sy goedgunstigtheid (Psalm 30:6). Oor 'n aantal jare verder sal dit miskien eers duidelik word hoe God ook in hierdie verwarde tyd deur alles heen die gebede van sy kinders verhoor het. Hy het die laaste woord. Die geskiedenis sal uiteindelik nie bepaal word deur outomatiese gewere en bomontploffings, haat en nyd, verwoesting en siniese moordlustigheid nie, maar deur die Een wat op die troon sit en deur die Lam, wat alleen waardig is om die boek van die geskiedenis oop te maak en die verhaal van Gods liefde, trou en oorwinning daarin te lees (Openbaring 5).